IOWA READING RESEARCH CENTER

Student Reading Success Through Research and Collaboration

# Leer Engels saam met jou Kinders en Tieners: Fokus op Taalontwikkeling tydens Gedeelde Lees

Hou eienskappe soos rym en ander taalelemente in gedagte wanneer u 'n boek kies om hardop te lees.



Wanneer u hardoplees saam met 'n jong Engelse leerder, geen aandag aan die klem van u stem wanneer u woorde lees en gaan voorbeelde van taalelemente, soos alliterasie, na.

**Deur** Nicole DeSalle, M.F.A., Skryfkoördineerder, Iowa Leesnavorsingsentrum Beborah Reed, PhD. Direkteur, Iowa Leesnavorsingsentrum

*Redakteur se nota: Om saam te leer kan u kind en tiener se Engelse taalvaardigheid verbeter sowel as u eie. Hierdie plasing is deel van 'n voortdurende reeks wat ontwerp is om versorgers wie Engelse leerders is te help om geleenthede te vind om Engels vir die familie te leerin hul daaglikse lewens.*

Om gedeelde boeklees te beoefen, of om 'n boek hardop te lees saam met een of meer mense is 'n belangrike bydraer tot kinders se mondelikse taal- en gelettertyd-vaardighede in hul vroeë jare van ontwikkeling (Riordan et al., 2021). Hoewel gedeelde lees voordelig is vir alle kinders, insluitend Engelse leerders (Ele), kan dit soms oorweldigend wees om boeke te kies om saam te lees. Een manier om die omvang van literatuur om van te keis te verklein is om boeke uit te soek wat eienskappe het wat die taalontwikkeling van kinders ondersteun wat die ouderdom is van laerskool kinders.

## Oefen Luister en Praat met Boeke wat Rym

Beginnerlesers leer dat sinne uit woorde bestaan en dat woorde uit klanke bestaan. Hierdie vaardighede is deel van fonologiese bewustheid wat help om kinders voor te berei om suksesvolle lesers in Engels en ander alfabetiese tale te word (McBride et al., 2021). Boeke wat rympies insluit bied Engelse leerders die geleentheid om sekere klanke en taalpatrone wat in Engels voor kom te oefen. Om te verstaan hoe om rympies tydens hardoplees te gebruik, kom ons kyk na die eerste reël in Eend in die Trok (Duck in the Truck) deur Jez Alborough.

> This is the tale of a duck in a truck.

Deur hierdie sin hardop te lees laat u en u kinders toe om te oefen om die woordsegment /uck/ te oefen. Verduidelik aan u kinders dat die woorde "duck" en "truck" albei die /uck/ klank op die einde het. Neem beurte om die sin hardop te lees saam met u kinders. Lê elke keer klem op die /uck/ klank in "duck" pas die /uck/ klank in "truck," en moedig u kinders aan om ook die klank te pas.

Boeke soos *Duck in the Truck* wat rympies bevat help kinders om akoestiese elemente van die Engelse taal, soos toonhoogte, tempo, volume, klem, ritme en intonasie te leer. Om rympies te hoor en die uitdrukking daarvan om 'n storie hardop te lees kan Engelse leerders help om te onderskei tussen lettergrepe waarop klem gelê word en watter nie (Fleta, 2017). Kom ons kyk na so paar reëltjies aan die einde van *Duck in the Truck*:

> This is the pull as the boat takes the strain.
> These are the wheels finally gripping.
> This is the knot suddenly slipping.
> This is the truck with the engine on fast.
> Back on the track... UNSTUCK AT LAST!

Hierdie teks bied geleenthede vir u en u kinders om baie akoestiese elemente van die Engelse taal te hoor en te oefen. Byvoorbeeld, die woorde met veelvuldige lettergrepe soos "gripping" en "slipping" het dieselfde /ip/ en /ing/ klanke. Saam skep "-ipping" die rympie maar die klem in albei woorde val op die eerste lettergreep met net die /ip/ klank. Deur die woorde wat rym hardop te lees bied 'n geleentheid om die klem op die eerste lettergreep te oefen.

Hierdie reëltjies bied ook 'n geleentheid om intonasie en toonhoogte te oefen. Let op hoe die laaste frase—"UNSTUCK AT LAST!"— in hoofletters geskryf is. Dit word gedoen om die bykomende klem om die woorde uit te lig om die eend se gevoelens van verligting aan die

einde van die storie oor te dra. Oefen saam met u kinders deur u toonhoogte (hoe hoog of hoe laag u stem is wat gewoonlik geassosieer word met die spreker se emosie) en intonasie (hoe 'n stem verhoog of verlaag in toonhoogte) aan te pas om die klem te skep en die emosie oor te dra.

## Video Demonstration

## Bou Taalbewustheid me Hoofstukboeke

Soos u en u kind se taalvaardighede verbeter kan u moontlik gereed wees vir die uitdaging van iets langer as prenteboeke, soos hoofstukboeke. Hoofstukboeke beskryf episodes karakters se lewens wat ogedeel word in hoofstukke. Hulle het nie prente op elke bladsy soos prenteboeke nie, maar hoofstukboeke vir kinders het gewoonlik ten minste een prent per hoofstuk.

Dit is skaars vir hoofstukboeke om dieselfde frekwensie van ritme as prenteboeke te hê, maar baie bied steeds die geleentheid om akoestiese elemente van taal te oefen. Kom ons kyk na die opening van 'n hoofstuk van Ramona die Pes (*Ramona the Pest)* deur Beverly Clearly:

> **RAMONA KAN NIE 'n KRUL WEERSTAAN NIE**
> At last Ramona felt a tap on her shoulder. Her turn had come to run around the circle! She ran as fast as she could to catch up with the sneakers pounding on the asphalt ahead of her. The *boing-boing* curls were on the other side of the circle. Ramona was coming closer to them. She put out her hand. She took hold of a curl, a thick, springy curl—
> "Yow!" screamed the owner of the curls.
> Startled, Ramona let go. She was so surprised by the scream that she forgot to watch Susan's curl spring back.

Een van die unieke eienskappe van hoofstukboeke is dat elke hoofstuk 'n titel het en hierdie titels mag dalk maniere bevat om taal te oefen. In die voorbeeld van *Ramona the Pest* gebruik Cleary se hoofstuktitel woorde met die letters "R" en "C" begin. Deur die titel hardop te lees laat u en u kind toe om te hoor hoe "Ramona" dieselfde beginklank het as "Resist," en hoe "Can't" dieselfde beginklank het as "Curl." Wanneer woorde soos die in Cleary se hoofstuktitel dieselfde beginklank€ het, noem ons hierdie akoestiese element van taal "alliterasie". Hierdie element kan belangstelling aanwakker om die beginklanke te oefen.

Nog 'n akoestiese element van taal is onomatopee, of wanneer iets deur 'n vokale voorstelling van die klank wat dit maak genoem word. Die skuinsgedrukte woorde in die teks hierbo,

"*boing-boing,*" is 'n voorbeeld van onomatopee want, wanneer dit hardop gelees word, klink die woorde nes 'n veer wat getrek en gelos word. In die werklikheid maak 'n krul nie daardie geluid nie, maar dit doen in Ramona se verbeelding. Daarom help onomatopee ons om die krulle se opgekrulde veeragtige voorkoms te visualiseer, wat ons help om te verstaan hoekom Ramona so graag aan een wil trek. Oefen saam met u kind om die woord "*boing-boing*" hardop te oefen om die klanke wat die krulle in Ramona se verbeelding maak na te boots.

Om enigiets te lees bied oefening wat kan help om Engelse vaardighede te verbeter. Maar, wanneer u en u kind saam hardop lees, bied die ervaring u die kans om akoestiese elemente van die taal te hoor en om te oefen om met die ritme en klem wat eienskappe van Engels is te praat.

---

## 10 Prenteboek Aaanbeveling (Grade K—2)

***Rosie Revere, Ingeneur (Rosie Revere, Engineer*) deur Andrea Beaty**
Lesers al deur Rosie se storie geïnspireer word en deur haar wonderlike uitvindings bekoor word.

***Ek is genoeg (I Am Enough)* deur Grace Byers**
Hierdie poësie dagboek kan gedeel word om selfvertroue op te bou en diversiteit te vier.

***Jabari Spring (Jabari Jumps)* deur Gaia Cornwall**
Sluit aan by Jabari soos hy sy eerste probeerslag betree om van die hoë duikplank af te duik.

***Sofia Valdez, Toekomstie President (Sofia Valdez, Future Prez)* deur Andrea Beaty**
Sofie mag dalk klein wees, maar sy het groot planne om haar woonbuurt te verbeter.

***Laaste Stop op Markstraat (Last Stop on Market Street)* deur Matt de la Peña**
Hierdie liriese verhaal beskryf die tonele en klanke wat die verteller op sy reis na sy huis ervaar.

***Levi Strauss kry 'n Blink Idee: 'n Heelwat aanmekaar gelapte storie van 'n broek (Levi Strauss Gets a Bright Idea: A Fairly Fabricated Story of a Pair of Pants)* deur Tony Johnston**
U kan idiome soos "blink idee" bespreek deur hierdie aangrypende verhaal van waar blou denimbroeke vandaan kom bespreek.

***Lokomotief (Locomotive)* by Brian Floca**

Oefen onomatopee (wanneer iets na 'n vokale voorstelling soos die klank wat die maak, b.v. 'buzz' genoem word) met hierdie rymende teks wat lesers terug neem na die begin van die Amerikaanse spoorweg.

***Dankie, Omu (Thank You, Omu)* deur Oge Mora**
Lees oor Omu wie se naam (uitgespreek soos Ah-mu) met sy heerlike bredie rym.

***Ek het die Ritme (I Got the Rhythm)* deur Connie Schofield-Morrison**
Treffende prente en energieke rymende teks vang die verteller se lus vir die lewe vas.

***Die Gemmerbrood Cowboy (The Gingerbread Cowboy)* deur Janet Squires**
Hierdie verdraaisel van 'n klassieke storie sit die alombekende koekieman in die Wilde Weste.

---

## 10 Hoofstukboek Aanbevelings (Grade 3—5)

**Die Wêreld volgens Humphrey (*The World According to Humphrey)* deur Betty Birney**
Humphrey die hamster smag daarna om uit sy hok te ontsnap en op avonture te gaan

**Lola Levine is nie Gemeen nie (*Lola Levine is not Mean)* deur Monica Brown**
Lola se passie is sokker maar, wanneer sy per ongeluk 'n ander speler beseer, moet sy leer hoe om dinge reg te stel.

**Een Mal Somer (*One Crazy Summer)* deur Rita Williams Garcia**
Gestel in die laat 1960's, hierdie hoofstukboek volg die avonture van drie susters wie die somer saam met hul ma in Oakland, Kalifornië deurbring.

**Die Verhaal van Despereux (*The Tale of Desperaux)* deur Kate Di Camillo**
Raak verlief op hierdie avontuurlustige muis in hierdie verbeeldingryke verhaal wat in die Middeleeue gestel is.

**Gelukkig die melk (*Fortunately, the Milk)* deur Neil Gaiman**
Ontdek die vreemde gebeurtenisse wat gebeur wanneer die verteller se pa'n bottle melk koop.

***Alvin Ho: Allergies vir Meisies, Skool en ander Skrikwekkende Dinge (Alvin Ho: Allergic to Girls, School, and Other Scary Things)* deur Lenore Look**

Daar is nie veel waarvoor Alvin Ho nie bang is nie, maar dit keer hom nie om 'n held te wees in sy eie wilde verbeelding nie.

***Stink: Die Ongelooflike Krimpende Kind (Stink: The Incredible Shrinking Kid)* deur Megan McDonald**
Lewendige strokiesprente help om die avonture van Stink, 'n kort kind met reuse avonture, te vertel.

***Jaz Santos teen die Wêreld (Jaz Santos vs. the World)* deur Priscilla Mante**
Jaz wil nika anders hê as dat haar voetbalspan, die Bramrock Sterre, ernstig opgeneem moet word nie.

***Juana en Lucas (Juana and Lucas)* deur Juana Medina**
Hierdie snaakse storie beskryf Juana se lewe in Bogotá, Kolombië, saam met haar geliefde hond, Lucas.

***Skewe Stories van Wayside Skool (Sideways Stories from Wayside School)* deur Louis Sachar**
Vind uit hoekom skool nooit vervelig is by mal Wayside nie.

---

## Verwysings

Alborough, J. (1999). *The Duck in the Truck*. HarperCollins Publishers.

Cleary, B (1968). *Ramona the Pest*. HarperCollins.

Fleta, T. (2017). The sounds of picturebooks for English language learning. *Children's Literature in English Language Education Journal*, *5*(1), 21–43. | Full text

McBride, C., Pan, D. J., & Mohseni, F. (2021). Reading and writing words: A cross-linguistic perspective. *Scientific Studies of Reading*. https://doi.org/10.1080/10888438.2021.1920595

Riordan, J., Reese, E., Das, S., Carroll, J., and Schaughency E. (2021). Tender shoots: A randomized controlled trial of two shared-reading approaches for enhancing parent-child interactions and children's oral language and literacy skills. *Scientific Studies of Reading*. https://doi.org/10.1080/10888438.2021.1926464

Wade-Woolley, L. (2015) Prosodic and phonemic awareness in children's reading of long and short words. *Reading and Writing*, 29, 371–382. https://doi.org/10.1007/s11145-015-9600-1